


Bosbok se besoeker




Deur: Shelley O'Carroll

Illustrasies deur: Helga Hoveka




Bosbok het uitgegaan.
Hy het sy deur oop gelos.




Bosbok het weer by die huis aangekom. Die deur was toe.

“Moenie die deur oopmaak nie, anders eet ek jou op!” het 'n stem gesê.



Bosbok het vir Olifant geroep.
“Moenie die deur oopmaak
nie, anders eet ek jou op!”
het 'n stem gesê.



Bosbok en Olifant het vir Leeu geroep.

“Moenie die deur oopmaak nie, anders eet ek jou op!” het 'n stem gesê.

“Wat! Eet my, die koning van die diere?” het Leeu gebrul.



Padda kom uitgehop.
“Verrassing! Verrassing! Dis
net ek!” het Padda gesê.



Die vriende het gelag!
“Dankie dat julle my gehelp
het,” sê Bosbok.